# As

...As jy stem
word jou mening getel
saam met miljoene ander
van elke ras, kleur en geloof
om 'n sterk nuwe nasie te skep

En beleggings kan vloei
van binne die land
en die hele wye wêreld
vir ekonomiese groei en
welvaartskepping
vir opvoeding
vir huise
vir klinieke en hospitale
vir die landbou
vir sake-ontwikkeling

Wat ons land sal help bou
ons ekonomie sal aandryf
werk sal skep
en ook voorspoed

Wat ons mense sal inspireer
om weer met trots te werk
vir 'n welvarende nasie
wat nuwe geleenthede
sal bring
met 'n nuwe lewenswyse
vir jou
en jou kinders
vir die toekoms.




**Ons staan op die drumpel van 'n nuwe land. Nou is dit in ons hande. Laat elke stem 'n bousteen wees. Laat ons verdraagsaamheid en welwillendheid ons land saambind en verenig. Op 27 en 28 April, terwyl die wêreld toekyk, laat ons 'n welvarende nasie bou.**

DIE SAKEGEMEENSKAP STAAN VIR DIE BOU VAN 'N WELVARENDE NASIE

OGILVY & MATHER RIGHTFORD SEARLE-TRIPP & MAKIN 26994/A/LH

UITGEREIK DEUR DIE SAKESEKTOR VERKIESINGSFONDS. POSBUS 2352. JOHANNESBURG. 2000.

# Maar

As jy nie stem nie
as jy nie deelneem nie
as jy onverdraagsaam is teenoor ander
as jy ander nie wil toelaat om te praat
as jy nie luister nie
as jy nie vol hoop is nie
as jy nie voorwaarts beweeg nie
as jy in vrees lewe

Dan sal ons land verswak
ons mense verarm
die wêreld ons verwerp
geweld sal regeer
baie mense kan sterf
ons kinders sal ly
ons harte sal verwelk.

OGILVY & MATHER RIGHTFORD SEARLE-TRIPP & MAKIN 26994/A/RH


...esing verder gaan
neem, het 'n polisie
ordvoerder gister gesê
n November verlede
is 467 en in Desember